GEDRAGSKODE (VERKORT)

VLAK 1

- Werk onvoltooid.
- Taak/opdragte onvoltooid/ nie ingehandig nie.
- Leermateriaal nie by die skool nie.
- Ontwrigtend tydens klas/ saal en aantree.
- Laat vir klas sonder verskoning.
- Ongeoorloofde afwesigheid van klas.
- Leerder nie in toesigklas nie.
- Oneerlik oor huiswerk, siekte of boeke tuis.
- Swak sportmangees/onsportiewe gedrag.
- Voldoen nie aan korrekte kleredrag-reëls nie.
- Onvanpaste kleedkamergebruik.
- Gebruik van elektroniese apparaat tydens skoolure.
- Onvanpaste fisiese kontak.

VLAK 2

- Opsetlike beskadiging van skooleiendom, geboue en terrein.
- Skending van leerders se privaatheid en privaateiendom.
- Vloek en die gebruik van onwelvoeglike tekens.
- Fisiese insidente.
- Verbale insidente.
- Digitale boodskappe wat kan lei tot boelie-gedrag.
- Opsetlike minagting en wangedrag teenoor personeel.
- Dobbel (wed) of speel vir geld of enige item van waarde, waar die wen of verlies deur geluk of toeval bepaal word.
- Oneerlik tydens toetse en eksamens, vervalsing en verandering van dokumente.

VLAK 3

- Besit van gevaarlike voorwerpe/wapens met die doel om iemand leed aan te doen.
- In besit of onder die invloed van alkohol of onwettige middels.
- Afwesig sonder toestemming van ouers of skool.
- Deelname aan onwettige optogte of protes-aksie op skoolgronde.
- Verbale en fisiese intimidasie, viktimisering en dreigemente. Dreig of intimidering van 'n ander persoon deur woorde, optrede of gebare.
- Baklei, aanranding met die doel om ernstig te beseer of 'n poging tot aanranding.
- Ernstige beskadiging van ander se eiendom op skoolterrein of buite skoolverband bv. Op toere en kampe.
- Kuber-teistering asook neem/deel van beeldmateriaal.
- Diefstal van skooleiendom en leerder/personeel se eiendom.
- Die besit of gebruik van sigarette, e-sigarette (vapes) en damprooktoestelle.

VLAK 4

- Gebruik van wapens wat tot beserings lei.
- Besit en gebruik van dwelms, alkohol, sigarette of damprooktoestelle of ander verbode middele.
- Kwaadwillige vandalisme van skooleiendom en personeel asook van leerders.
- Fisiese aanranding wat lei tot ernstige beserings.
- Inisiëring of aksie wat kan lei tot stakings en optogte.
- Enige ander daad wat volgens wet vervolg kan word.
- Rassisme: opmerkings/beledigings.
- Ongegronde dreigemente wat massahisterie veroorsaak. Bv. Bom-dreigemente.
- Verspreiding of besit van onsedelike beeldmateriaal of vals profiele op digitale platforms.